SAKE 24 (Beeld), Naweek
Saturday, 27 June 2009, p. 20

# Van staal tot goud en eindelik wynlandgoed

**Entrepreneurstorie**
Carin Smith

**Mnr. Mac van der Merwe, eienaar van Zorgvliet.** Foto: LEANNE STANDER. FOTO24

"'n Goeie entrepreneur is nie noodwendig 'n goeie handelaar nie," sê mnr. Mac van der Merwe, uitvoerende hoof van Zorgvliet Portfolio.

"Ek is nie 'n goeie handelaar nie en my ouers was ook nie. Ek maak my geld uit die opbou en verkoop van ondernemings."

Sy lang, uiteenlopende entrepreneurspaadjie strek van die staalbedryf tot 'n eie goudmyn, 'n wynlandgoed en spogeiendomme in die gasvryheidsbedryf.

Moet net nie dink hy is met die spreekwoordelike goue lepel in die mond gebore nie.

"Ons was baie arm. My ouers het 'n winkeltjie op Vredefort in die Vrystaat gehad. As die wind so gewaai het, was dit maar 'n triestige plek," vertel hy ingedagte.

Dit is hier waar sy entrepreneurskant al vroeg-vroeg kop uitgesteek het.

"In gr. 1 was ek siek en moes 'n ruk uit die skool bly. Ek het dikwels op die stoep gelê en rus. Daar het ek al begin sake doen deur die plaaskinders wat Vrydae dorp toe gekom het, 'n pennie elk te vra om na my View-Master-prentjies te kyk."

Ná skool het meganiese ingenieurswese en bestuurstudies aan onderskeidelik die (toe nog) Vaaldriehoek Technikon en Unisa gevolg.

Teen 1993 het hy en sy seun Stephan 'n suksesvolle ingenieursfirma, VaalMac Engineering, in Meyerton bedryf.

Eendag het 'n Brit – ene Gerry Hide van Weldclad UK – gebel en gesê hy wil 'n revolusionêre produk vir die staalbedryf aan hulle bekend stel. Dit was voor 1994 toe Suid-Afrika weens politieke redes nie aan tegnologie uit die buiteland blootgestel was nie.

"Ek het vir my familie gesê ek weet nie so mooi van dié Engelsman wat wil hê ek moet 'n klomp geld in toerusting steek nie. Tog het iets bly knaag. Ek is Engeland toe om die tegnologie te bekyk en het toe 'n ooreenkoms gesluit."

Die tegnologie het inderdaad 'n groot invloed op die staalbedryf in Suid-Afrika gehad. VaalMac Engineering het só uitgebrei dat die maatskappy deur middel van 'n omgekeerde notering met City Investment Holdings uiteindelik na die JSE is.

Verskeie oornames het mettertyd gevolg wat die beheer van die maatskappy verander het.

Van der Merwe het toe besluit om sy aandele te verkoop en op iets nuuts te fokus.

'n Vriend het laat weet Anglo American wil die President Steyn-goudmyn naby Virginia in die Vrystaat verkoop.

"Ek was nie lus vir aftree nie en koop toe die myn nadat ek my omsigtigheidstudie onder mynwerkers in die plaaslike kroeë gedoen het," lag Van der Merwe.

"Ek het niks van 'n myn geweet nie en het besluit om dit soos enige ander onderneming te bedryf."

Dit was harde werk en baie kapitaalintensief en in 2001 het hy besluit om dit aan 'n Skot met 'n maatskappy wat in Kanada genoteer was, te verkoop.

Op die lang vlugte na en van Kanada het hy sit en beplan aan sy eintlike visie.

"Nadat die myn verkoop is, kon ek my groot droom om 'n wynplaas te besit, bewaarheid. Ek wou nog altyd 'n werkende historiese wynplaas met die gasvryheidsbedryf kombineer."

In 2002 het hy die historiese Zorgvliet-wynlandgoed, wat van 1692 dateer, en twee aangrensende plase in die asemrowende Banhoek-vallei buite Stellenbosch gekoop.

Van der Merwe het die belangrikheid van die oorsese mark uit die staanspoor besef.

Sowat 80% van die besoekers aan die Wes-Kaap is buitelanders en 45% van hulle besoek ook wildplase op soek na 'n besondere vyfster-leefstyl-ervaring eerder as 'n gewone vakansiereis.

Zorgvliet Portfolio is stelselmatig opgebou om in te sluit die Ka'Ingo Private Reserve and Spa van 8 700 ha in die malariavrye Waterbergstreek van Limpopo, die Dinkweng Safari Camp by Ka'Ingo, die Riviera on Vaal Hotel and Country Club aan die oewer van die Vaalrivier by Vereeniging, die Protea King George-hotel in George, die Zorgvliet Vineyard Lodge and Spa buite Stellenbosch en die aangrensende Alluvia Specialist Winery and Guesthouse.

"Dit was van die begin af belangrik om Zorgvliet as handelsnaam te vestig as deel van 'n groter doelwit. Ek wou seker maak die waarde van die handelsnaam se wyn- en gasvryheidsintegriteit kan later ontsluit word. Dit was beslis nie sommer net 'n speelding vir my nie."

Dit het gelei tot die Zorgvliet Private Residence Club wat aan lede toegang tot die ses eiendomme in die portefeulje bied deur middel van deeleienaarskap en gewone tyddeel-eienaarskap.

'n Onlangse ooreenkoms met die Amerikaanse Interval International-vakansie-uitruilnetwerk bied lede nou ook toegang tot 2 400 oorde in 75 lande.

Van der Merwe sê deursettingsvermoë is veral vir 'n entrepreneur belangrik, asook die wete dat daar altyd voor- en teëspoed in die sakewêreld sal wees.

Meer geld bring ook nie noodwendig meer geluk nie. Dit bring meer verantwoordelikheid en meer kommer.

"Niks is vir altyd nie en daarom moet 'n mens nie aan aardse goed vasgroei nie. My grootste plesier lê nie in die finansiële sy nie. Ek kon baie beter gevaar het in ander soorte ondernemings, maar ek het 'n passie vir wat ek nou doen."

Sy raad aan entrepreneurs: "Doen jou huiswerk behoorlik en pas op vir *paralysis by analysis*. Baie keer is dit net 'n *gut feeling*."